## 25 Januarie 2024 - Lesing 223 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**God se Wese is 'n geheim –** 29/9/61

**NO: 8006** My Wese is en bly vir julle 'n groot geheim, want solank julle op aarde vertoef, **is julle denke begrens** en nie in staat om geestelike dieptes binne te dring nie. Maar ook vir die geestelike wat vol lig is, is en bly Ek ondeurgrondelik, ofskoon hulle al in 'n diepe geestelik kennis deurgedring het en hulself al gevorm het tot hul oorspronklike wese: **Naamlik wat eens as My ewebeelde van My uitgegaan het.**

By 'n geluksaligheid wat ewig duur, hoort egter 'n voortdurende inspanning om na My Self te kom, **'n voortdurende nadering tot My.** En tog is Ek onbereikbaar.

En wederom word die wese deur Myself bestraal en met onbegrensde geluksaligheid vervul, sodat in die vereniging met My die wese ook **self bewus is van My teenwoordigheid.** Sou Ek egter nie onbereikbaar gewees het nie, dan sou die geluksaligheid ook eens vervul wees - wat egter nie kan gebeur nie, want daar is geen einde aan die gelukkig maak deur My nie, steeds sal die wese homself inspan om by My te kom en steeds opnuut vervulling vind en tog ewiglik nie vir My kan deurgrond nie.

Ek is en bly vir alles wat uit My voortgekom het 'n ewige geheim - maar Ek hou My nie van hulle verwyder nie, **omdat My Liefde oneindig is**.

En omdat hierdie Liefde van My nie ophou nie, kan ook die gelukkig maak van My kinders nie ophou nie, en omdat daar in die volmaaktheid geen beperking bestaan nie, **kan daar nooit 'n einde aan kom nie**.

Steeds hoër sal die wese opstyg na die Lig en die Lig sal hom aanhoudend bestraal, maar die Lig sal onbereikbaar wees en bly. Want Ek is die Oerbron van die Lig en die geluksaligheid wat onuitputlik is, op Wie al die geestelike afstuur en oneindige geluksaligheid daarin vind om deur hierdie Oerbron gespysig te word.

My Wese is en bly ondeurgrondelik. En so is dit ook te begryp **dat die Wese nie as persoon voor te stel is nie**, dat die mens vir hulle niks begrens daaronder kan indink nie.

En julle sal nou ook begryp waarom die Wese - die Oerbron van die Lig - vir die geskape wesens nie sigbaar kon wees nie. **Want die Lig in sy oervolheid sou alles verteer het.** Die (Lig) kon Haarself wel in alle volheid wegskenk, maar die (geskape) wese moes iets selfstandig bly, **as ligvonk moes sy (die wese) 'n selfstandige lewe lei**, vir wie Ek 'n ewigdurende geluk wil berei. En by geluksaligheid hoort 'n voortdurende verlange en voortdurende vervulling.

As die wese homself tot 'n stralende hoogte opgewerk het, is hy van steeds vuriger liefde vervul en **hierdie liefde dring met krag na die ewige Liefde.**

En Ek gee die Liefde weer terug en maak die wese onuitspreeklik gelukkig. Maar dit beteken nie dat die verlange gestil word nie, **veeleer verhoog dit slegs die verlange na My**, wat My steeds weer aan die wese skenk.

As mens is julle denke beperk en nooit sal julle sodanige wyshede kan begryp nie. Maar in julle onvolmaaktheid sal julle ook al die verbinding met My tot stand kan bring en julle gelukkig laat maak:

Julle sal kan bid, julle sal met My kan praat en die straal van My Liefde sal julle kan binnestroom, **ofskoon slegs as 'n geringe stroom van krag**, omdat julle nog onvolmaak is.

Maar ook die geringe stroom van krag sal julle gelukkig maak en julle sal dit self kan laat toeneem, sodra die liefde tot My in julle ontbrand en steeds helderder opvlam. Dan is daar al 'n stil verlange in julle wat Ek vervul en dit sal tot gevolg hê dat julle verlange na die **bestraling van My Liefde steeds sterker word** en julle ook voel dat dit beantwoord word volgens die graad van julle liefde.

Julle sal My gewaarword, **julle sal julle van My aanwesigheid bewus word** en tog sal julle My nie met julle verstand kan begryp nie, omdat My Wese vir julle 'n geheim is en sal bly. En tog openbaar Ek My aan julle.

Julle sal My kan herken as 'n Wese wat in Homself **Liefde, Wysheid en Mag** is. En julle sal My dan ook steeds meer liefhê en julle gelukkigmaking sal steeds weer en weer plaasvind, want nooit sal julle - as julle eers deur My gelukkig gemaak is, - hierdie geluksaligheid wil mis nie.

Die vonk wat uit My uitgestraal word as selfstandige wese, sal voortdurend afstuur op die vuursee van My Liefde. En die strewe om by My te wees sal ewiglik nie eindig nie, ewig sal die Liefde Haarself wegskenk, ewig sal die siele hulleself open en ewig die straal van My Liefde in hulle opneem.

En steeds sal die verlange na My en die voortdurende vervulling daarvan, geluksaligheid berei wat nooit sal eindig nie. Amein.